Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

20 November 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. SKOOLTYE TYDENS TOETSREEKS (GRAAD 8-11)

Let asb. op die skooltye tydens die eksamen. Leerders is laat vir toetse, wat kan veroorsaak dat hul toegang tot die toetslokaal geweier word. Die leerders moet reeds op die tye, soos hieronder aangedui, in die toetslokaal wees. Hulle moet dus betyds skool toe kom ten einde 'n opeenhoping by die hekke te keer.

Sessie 1: Begin om 7:30
Sessie 2: Begin om 12:30

2. JAARPUNT-RAPPORTE

Verskeie navrae is weer ontvang rakende leerders se jaarpunt-rapporte. Soos in vorige nuusbriewe aangedui, is leerders se jaarpunte nie hul finale punte nie. Die finale punte word soos volg bereken:

Graad 10-11:		
Vakke:	SBA (Jaarpunt): 60%	Eindtoets(e): 40%
Vakke met mondeling:	SBA (Jaarpunt): 60%	Eindtoets(e): 27.5% + Mondeling: 12.5%
Vakke met PAT:	SBA (Jaarpunt): 60%	Eindtoets(e): 20% + Prakties: 20%
Graad 8-9:	SBA (Jaarpunt): 80%	Eindtoets(e): 20%



Neem ook in ag dat die Jaarpunt dus nie die Mondeling of PAT insluit nie.
Leerders sal ook in kwartaal 2 by sekere vakke 'n "a" ontvang, want die skool was gesluit weens grendeltyd. U kan dus die "Resultaat" in kwartaal 2 ignoreer, aangesien dit nie korrek bereken kan word nie. Kwartaal 2 moet egter op die rapport reflekteer, juis weens die feit dat daar wel assesserings in sekere vakke gedoen is.

3. SKOOLGELD (2020)

Baie dankie vir ouers wat so getrou hul skoolgelde betaal en ook ouers wat te midde van die moeilike jaar hul agterstallige skoolgelde begin inhaal. Gebruik asb. tydens betaling u kind se skoolgeld-rekeningnommer as verwysing. Die bankbesonderhede is soos volg:

ABSA
Tjekrekening Rekening-nr: 090390120
Takkode: 632005

4. BEKRAGTIGING VAN BEGROTING (2021)

Tydens die begrotingsvergadering op die 5de November was daar nie 'n kworum ouers teenwoordig nie, alhoewel daar wel 'n mooi aantal ouers opgedaag het. Voorlopige goedkeuring van die begroting is eenparig tydens hierdie geleentheid deur die ouers teenwoordig gegee.

Die finale bekragtiging van die Begroting van 2021 sal egter plaasvind op **26 November** om 18:00 in die personeelkamer. Indien daar wel nog ouers is wat wil terugvoer gee, kan hulle dit tydens hierdie geleentheid doen.

5. WOLKSKOOL IN 2021

'n Brokkie opwindende nuus is dat Die Hoërskool Wonderboom in 2021 die SOS-Wolkskool in totaliteit beskikbaar gaan stel aan alle leerders. Dit gaan geskied teen géén addisionele koste nie. Dit sal leerders verdere akademiese ondersteuning bied d.m.v. toegang tot puik, ondersteunende, aanlyn video-lesse in die meeste vakke.

6. WHATSAPP-GROEPE

Ter wille van leerder-ondersteuning, skep personeel soms whatsapp-groepe. Die vereiste is egter dat die personeellid alleen dié groep administreer. Leerders wat deel is van so 'n groep, het toegang tot 'n personeellid se persoonlike telefoonnommer. Ons vra egter dat u steeds eerder die skoolkanale sal gebruik om kontak te maak met 'n personeellid en dat u nie na-ure personeel sal kontak op hul persoonlike telefoon-nommers nie.

Dit het ook onder ons aandag gekom dat leerders soms hul eie groepe skep, waarin die skool nie insae het nie. Hierdie groepe word nie deur die skool beheer nie en geen inligting wat op sulke groepe gedeel word, kan as eg beskou word nie. Soms word daar egter op die groepe negatiewe en selfs spottende uitsprake gemaak rakende ander leerders en selfs personeel. Wetlik geld die volgende beginsel:

Die oomblik wat 'n persoon inligting publiseer (dit sluit in kommentaar op "Tweets, "Retweets", "Likes", "Instagram", "Facebook" ens. oor 'n persoon) is die persoon wat iets plaas of daarop reageer, onderhewig aan dieselfde regsreëls as die tradisionele media soos koerante of die radio. Dit beteken jy word gesien as 'n uitgewer en sodra die kommentaar 'n volgende persoon bereik, word dit regtens geag gepubliseer te wees. Indien jou woorde inbreuk maak op die reg (bv. reputasie) van 'n ander, kopiereg aantas of neerkom op haatspraak, kan jy vir naamskending / laster gedagvaar word.

Ons vra u as ouer se ondersteuning om u kinders se sosiale media-kommunikasie te monitor vir enige skadelike kommunikasie of deelname.

7. GRAAD 11-LEERDERS: ID-KAARTE

Ons herinner u as ouer van 'n Graad 11-leerder daaraan dat u kind in Februarie 2021 moet registreer by die Departement van Onderwys ten einde Graad 12 te kan skryf. Leerders kan egter slegs registreer indien hul 'n amptelike ID-kaart het.

8. KLEREBANK

Die skool is werklik dankbaar vir al die skenkings van klere aan die klerebank. Daar is egter tans 'n behoefte aan geel dogters-hempies en ook sporttoerusting, asook seuns kortbroeke. Enige skoolklere, sportklere en -toerusting wat tans nie in gebruik is nie, is egter welkom.

9. HELPENDE HAND

Ons herinner leerders ook aan die klere-insameling ten bate van Helpende Hand. Hul kan enige ou klere skool toe bring en by me. S Venter ingee. Dit kan dan weer teruggegee word aan behoeftige gesinne wat Helpende Hand ondersteun.

10. VAKVERANDERING: GR10- EN 11-LEERDERS

Graad 10: Leerders wat tans in Graad 10 is en vakke vir Graad 11 (2021) wil verander, kan die nodige vorms by me. Strydom kry. Dit moet voor 30 November ingehandig wees.

Graad 11: Graad 11-leerders kan met spesiale toestemming aansoek doen om EEN vak vir graad 12 te verander. Die Departement het egter duidelik gestel dat swak prestasie nie as rede vir vakverandering aanvaar sal word nie. Daarom is daar verskeie motiveringsbriewe wat hierdie aansoek moet vergesel. Dié vorms kan ook by me. Strydom afgehaal word en moet voor 30 November ingehandig word.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF